GLO

BUITE die boks

MAAR BINNE DIE

BYBEL




NUWE TESTAMENT

Naam_____

LES #1

JESUS STUUR SY HEILIGE GEES



HANDELINGE 2

vers 38 Petrus: "Julle moet verander en julle moet lewe soos God wil hê. Julle almal moet gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en God sal die **Heilige Gees** vir julle gee.

Jesus het net voor Hy opgevaar het na die hemel toe, vir Sy dissipels belowe dat Hy 'n Helper sal stuur! Daardie belofte het waar geword! Die dissipels, was almal saam in een huis in Jerusalem. Dit was 'n groot feesdag genaamd Pinkster, en baie mense van regoor die wêreld was in die stad. Skielik was daar 'n harde, stormagtige wind wat deur die hele huis gewaai het! Dit was nie 'n gewone wind nie. Toe sien hulle iets wonderliks! Dit het gelyk soos klein vlamme vuur wat bo elkeen van die dissipels se koppe verskyn het. Dit was die Heilige Gees wat op hulle gekom het! Onmiddellik het al die dissipels begin praat. Maar hier is die vreemde deel: hulle het in ander tale gepraat! Nie tale wat hulle geleer het nie, maar tale wat God vir hulle gegee het.

Buite die huis het 'n groot skare mense van verskillende lande versamel, want hulle het die harde wind gehoor. Elkeen het die dissipels in sy eie taal hoor praat! Iemand van Rome het die dissipels in Latyn hoor praat, en iemand van Afrika het hulle in 'n Afrika-taal hoor praat. Hulle het gesê: "Hoe is dit moontlik? Hierdie mense kom van Galilea, maar ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die wonderlike dinge wat God doen!" Toe staan Petrus, op. Onthou jy hoe bang hy was toe Jesus gevang is? Wel, nou was hy glad nie bang nie! Die Heilige Gees het hom dapper gemaak. Petrus het 'n baie mooi preek gegee, die Heilige Gees het beweeg en 3000 mense het gekies om Jesus te volg. Die Heilige Gees het die dissipels krag gegee om die Goeie Nuus oor Jesus met almal te deel, in elke taal!

GRIEKS:
Άγιο Πνεύμα
AGIO PNEVMA

ITALIAANS:
SPIRITO SANTO

DUITS:
HEILIGER GEIST

JAPANNESE
聖霊
SEIREI

SPAANS:
ESPÍRITU SANTO

HEBREEUS:
רוּחַ
RUACH

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



- Mense van baie verskillende lande het die dissipels in hulle eie taal hoor praat oor God. Hoekom dink jy was dit so belangrik dat God se boodskap in al daardie verskillende tale gehoor moes word?

- Petrus was eers bang, maar ná die Heilige Gees op hom gekom het, was hy dapper. Wat is iets waarvoor jy soms bang is, en hoe dink jy kan die Heilige Gees jou help om ook dapper te wees?

Hoe weet ek of die Heilige Gees in my is?
1 Korintiërs 12 vers 3
En wanneer iemand sê: "Jesus is die Here," dan sê hy dit net omdat die Heilige Gees in sy hart is.

Bid saam



AKTIWITEIT

Kleur die vlamme in kram dit vas aan jou papier kroon. Net soos die vlamme in die vorm van tonge bo die dissipels se koppe was!
Benodig: , krambinder, papier met kroon en vlamme templaat, skêr, en inkleurpotlode.

IN MY BOKS

Dieselfde Heilige Gees wat die dissipels dapper gemaak het, woon in elke persoon wat in Jesus glo. Hy gee vir jou die krag om die regte ding te doen, om ander lief te hê, en om vir mense van Jesus te vertel—al is jy soms bang of skaam


BYBEL BYT

Die mense wat na die preek geluister het, het 15 verskillende tale gepraat.

VIND 7 VERSKILLE

Naam_____





Naam_____

LES #2

PETRUS EN DIE VERLAMDE MAN



HANDELINGE 3

6 Maar Petrus sê: "Geld het ek nie. Maar wat ek het, dít gee ek vir jou: Op gesag van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!"

Twee van Jesus se dissipels , Petrus en Johannes, was op 'n dag op pad na die tempel toe. Die tempel was 'n baie belangrike plek waar mense vir God aanbid het.
Toe hulle by die tempel se ingang kom, wat die "Mooi Poort" genoem is, sien hulle 'n man sit. Hierdie man kon van sy geboorte af nie loop nie. Hy was verlam, en daarom het sy vriende hom elke dag na die Mooi Poort gedra sodat hy daar kon sit en die mense wat verbygaan, vir geld vra. Dit was sy enigste manier om kos te kry.
Toe die man vir Petrus en Johannes sien, het hy dadelik sy hand uitgesteek en gevra vir ietsie. Hy het gedink hulle sou hom dalk 'n muntstuk gee, net soos al die ander mense. Petrus het stip na hom gekyk en Johannes het ook. Toe sê Petrus vir die man: "Kyk na ons!" Die man het met groot afwagting opgekyk, want hy het gedink hy gaan nou dalk 'n klomp geld kry. Maar Petrus het vir hom gesê:
"Geld het ek nie, maar wat ek hét, gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!"
Petrus vat toe die man se regterhand en help hom op. En dadelik het die man se voete en enkels sterk geword! Hy het opgespring, en begin rondloop, spring en selfs God begin loof en prys! Hy wat nog nooit in sy lewe geloop het nie! Al die mense wat hom elke dag by die Mooi Poort gesien bedel het, was ongelooflik verbaas en bly. Hulle kon nie glo wat hulle sien nie. Die man het sommer so styf aan Petrus en Johannes vasgehou, te bly en te dankbaar. Dit was 'n wonderlike bewys dat God se krag deur Jesus se Naam werk, en dat Hy steeds wonderwerke doen!

DINK BIETJIE

As iemand jou 10 miljoen rand aanbied sal jy dit vat?
Ja, natuurlik! MAAR
As die voorwaarde is dat jy die volgende dag nie kan wakker word nie, sal jy dit steeds vat?
Nee! Dit beteken vandag is R10 miljoen rand werd!
Leef jou lewe voluit want ons het soveel om voor dankbaar te wees!



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- **Die man by die poort het geld verwag, maar Petrus het vir hom iets baie beter gegee. Wat was dit en hoekom dink julle was dit beter as geld?**
- **Dink jy dit was maklik vir die verlamde man om te glo en op te staan toe Petrus hom help? Wat kan ons leer uit die man se reaksie toe hy kon loop?**
- **Petrus het gesê: "In die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!" Hoekom is dit belangrik dat hy Jesus se Naam gebruik het, en wat sê dit vir ons oor Jesus?**

OBJEK LES



Benodighede:
3 Koppies
R20 note, R10 note,
R5 muntstukke, toffies, tissues,
badges ens...

Youtube video vir voorbeeld:
BIBLE OBJECT LESSON Peter and John Heal a Lame Man

IN MY BOKS

Jesus se Naam dra ongelooflike krag! Al het Petrus nie geld gehad om vir die man te gee nie, het hy iets baie groter en beter gehad: die krag van Jesus Christus. Deur Jesus se Naam het God 'n wonderwerk gedoen en die man se hele lewe verander. Ons kan altyd op Jesus se krag staatmaak, want Hy kan dinge doen wat niemand anders kan nie.



AKTIWITEIT

Laat die kinders die goue muntstuk uitsny en plak op geel karton, en weer uitsny, gebruik gatjiepons, vat dan wol of tou om 'n medalje te maak om te onthou: Daar is krag in die naam van Jesus!

BYBEL BYT



Die muntstukke in die bybelsetyd was gemaak van goud, silwer en brons.


Daar is krag
in die
naam van
JESUS CHRISTUS


Daar is krag
in die
naam van
JESUS CHRISTUS


Daar is krag
in die
naam van
JESUS CHRISTUS


Daar is krag
in die
naam van
JESUS CHRISTUS


Daar is krag
in die
naam van
JESUS CHRISTUS


Daar is krag
in die
naam van
JESUS CHRISTUS

LES #3

STEFANUS SIEN JESUS



HANDELINGE 7

Vers 59: "Here, moenie dié sonde teen hierdie mense laat tel nie! Vergeef hulle."

Stefanus het op 'n dag die mense van Jesus vertel en vir hulle gesê hoe lief God vir hulle is. Maar party mense wou nie na hom luister nie. Hulle was kwaad vir Stefanus omdat hy van Jesus gepraat het. Een dag het hulle vir Stefanus voor 'n groot groep mense gebring wat baie kwaad was vir hom. Stefanus was nie bang nie. Hy het vir hulle 'n lang storie vertel van God se liefde en hoe God nog altyd Sy mense versorg het, reg van die begin af tot en met Jesus se koms.
Terwyl Stefanus praat, het die mense net meer kwaad geword. Hulle het op Stefanus begin skree. Maar Stefanus het iets wonderliks gedoen. Hy het sy oë na die hemel opgelig, en die Heilige Gees, het hom gevul. Stefanus het toe 'n ongelooflike ding gesien! Hy het God in die hemel gesien, en net langs God het hy vir Jesus gesien wat aan die regterkant van God staan!
"Kyk!" het Stefanus uitgeroep, "Ek sien die hemele oop en Jesus staan aan die regterhand van God!"
Toe Stefanus dit sê, het die mense hard geskree en op Stefanus afgestorm. Hulle het hom uit die stad uit gevat en begin klippe na hom gooi. Dit was baie, baie seer en baie onregverdig.
Maar selfs terwyl die klippe teen hom tref, het Stefanus 'n laaste gebed gebid. Hy het gesê: "Here Jesus, ontvang my gees!" Dit beteken hy het vir Jesus gevra om hom te kom haal. En toe, net voordat hy gesterf het, het hy nog iets ongeloofliks gedoen.
Hy het hard uitgeroep: "Here, moenie dié sonde teen hierdie mense laat tel nie! Vergeef hulle." Hy het die mense vergewe wat hom seermaak! Net soos Jesus op die kruis die mense vergewe het wat Hom gekruisig het, het Stefanus ook vergewe.
Stefanus het toe rustig gesterf, vol geloof in Jesus. Hy was so dapper en het gewys hoe 'n ware volgeling van Jesus lyk – vol moed, vol liefde en vol vergifnis.

ONS PAPIERHART

Vat jou papier hart en dink aan 'n keer toe iemand jou baie seergemaak het of baie lelik was met jou wat jou hartseer of kwaad gemaak het!
Dit veroorsaak dat ons hart seerkry! So frommel jou hart papier opin een klein bolletjie!
Dis hoe ons harte voel as ons seergemaak word en nie wil vergewe nie – dit voel seer en vasgedruk!
Maak nou jou papierhart oop en vryf en stryk dit so glad as moontlik.
Dit is wat vergifnis doen – dit probeer die hart weer heel en glad maak.
<u>Vrae:</u>
Is die papier weer heeltemal glad? Nee, daar is steeds kreukels.
Vergifnis beteken nie dat die pyn of die situasie verdwyn nie, of dat die persoon se dade reg was nie. Dit beteken dat ons kies om die woede en bitterheid in ons harte te laat gaan.
Net soos Stefanus, al is dit onregverdig, kan ons ander vergewe wat aaklige dinge aan ons doen, want God help ons. God kan vir ons heeltemal genees en 'n nuwe hart gee as ons kies om te vergewe!

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- **Was Stefanus bang toe die mense vir hom kwaad was? Waarom of waarom nie?**
- **Wat het Stefanus gesien toe hy na die hemel gekyk het? (God se heerlikheid en Jesus). Wat vertel dit ons van God se teenwoordigheid, selfs in moeilike tye?**
- **Wat kan ons by Stefanus leer oor hoe om vir Jesus te leef?**
- **Wat het Stefanus gesê vir die mense wat hom seergemaak het? Is dit maklik om mense te vergewe wat jou seermaak? Hoe kan Jesus ons help om dit te doen?**

Gebed van vergifnis


"Liewe Jesus, dankie dat U my so liefhet en my altyd vergewe. Help my asseblief om ook ander te vergewe wat my seergemaak het. Gee my 'n hart vol liefde, net soos Stefanus se hart. Amen."

IN MY BOKS

Stefanus het ons geleer dat, selfs wanneer mense ons seermaak, ons kan kies om hulle te vergewe soos Jesus ons leer, en God se krag sal ons daarmee help, deur SY Heilige Gees!

VERSE OOR VERGIFNIS

Handelinge 13:38
Efesiërs 4:32
Kolossense 3:13



AKTIWITEIT


Verf jou nuwe hart rooi! Dit simboliseer die bloed van Jesus wat vir ons vergifnis bring!
Dit beteken die bloed van Jesus help ons ook om ander te vergewe!

BYBEL BYT

Pualus (Saulus) was een van die mans wie Stefanus doodgegooi het met klippe!

Naam_____


MY PAPIERHART



Kolossense 3:13
Julle moet geduldig wees met mekaar. As iemand iets verkeerd gedoen het, dan moet julle nie kwaad wees vir hom nie, julle moet hom vergewe. Die Here het julle vergewe, en so moet julle mekaar ook vergewe.

MY NUWE HART

Naam



Efesiërs 4:32
Christus het gesterf en God het julle vergewe. Daarom moet julle mekaar ook so vergewe.

Naam_____

LES #4

FILIPPUS EN DIE MAN VAN ETIOPIË



Handelinge 8:35
Toe begin Filippus om die goeie boodskap oor Jesus vir die man te verduidelik.

HANDELINGE 8:26-40

Eendag het 'n engel van die Here vir **Filippus,** een van Jesus se volgelinge, gesê: "Staan op en gaan na die pad wat van Jerusalem af suid loop na Gasa toe." Dit was 'n woestynpad! Filippus het dadelik vertrek. Hy het nie gevra hoekom nie, hy was **gehoorsaam** en het net gegaan.Terwyl Filippus op die pad was, sien hy 'n belangrike amptenaar van **Etiopië.** Hy was in beheer van die **koningin van Etiopië** se geld. Hy was op pad terug huis toe nadat hy in Jerusalem aanbid het. Hy het in sy wa gesit en die **profeet Jesaja** gelees uit God se woord.
Die Heilige Gees het vir Filippus gesê: "Gaan naby aan daardie wa!" Filippus het gehardloop en gehoor hoe die amptenaar hardop lees. Filippus vra toe: **"Verstaan jy wat jy lees?"**
Die amptenaar het geantwoord: "Hoe sou ek kon, as niemand my help nie?" Hy het Filippus genooi om op te klim en saam met hom te sit. Hulle lees toe **'n profesie oor Jesus.**
Filippus het toe begin om die **Goeie Nuus** van Jesus aan hom te verduidelik. Hy het vertel hoe Jesus gesterf het vir ons sondes en weer opgestaan het sodat ons die **ewige lewe** kan hê. Terwyl hulle op die pad gery het, het hulle by water gekom. Die amptenaar het gesê: "Kyk, hier is water! Wat keer my om **gedoop** te word?" Hulle het albei van die wa af geklim, en Filippus het hom gedoop.



Net toe hulle uit die water kom, het die Gees van die Here vir Filippus dadelik weggeneem, na 'n dorpie met die naam Asdod en die amptenaar het hom nie weer gesien nie. Die Ethiopiese amptenaar het sy pad vol **blydskap** voortgesit!
Hy het nou **verstaan en geglo**!
Filippus is later in Asdod gesien, waar hy die Goeie Nuus van Jesus verkondig het!



BOODSKAP

Die Krag van die Heilige Gees in Evangelisasie

Die Heilige Gees speel 'n sentrale rol. Hy stuur Filippus en Hy lei Filippus spesifiek na die wa. Sonder die Gees se ingryping sou Filippus dalk verby die wa gegaan het. Dit leer ons dat ons nie op ons eie krag moet probeer om die evangelie te deel nie, maar dat ons afhanklik moet wees van die Heilige Gees om ons te lei, die regte woorde te gee, en harte oop te maak vir die boodskap.

Dis belangrik om God se woord te verstaan

Die amptenaar het die Woord van God gelees, maar hy het dit nie verstaan nie totdat Filippus dit aan hom verduidelik het. Ons kan nie die Goeie Nuus ten volle verduidelik as ons dit nie verstaan nie. Hierdie les herinner ons daaraan om die Bybel te lees, vrae te vra, en ander te help om die waarheid daarin te ontdek

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- **Wat het Filippus gedoen toe hy die amptenaar sien lees het? Was dit maklik vir hom? Wat leer dit ons van gehoorsaamheid?**
- **Hoekom was dit so belangrik vir die amptenaar om te verstaan wat hy gelees het? Wat gebeur as ons die Bybel lees en nie verstaan nie?**
- **Wat het die Ethiopiese amptenaar gedoen toe hy die Goeie Nuus van Jesus gehoor en verstaan het? Hoe het hy gevoel?**
- **Hoe kan ons ook die Goeie Nuus van Jesus met ander deel, net soos Filippus?**

Gebed



Here Help ons asseblief om gehoorsaam te wees soos Filippus, en om dapper te wees om U Goeie Nuus met ander mense te deel. Gee ons wysheid om U Woord te verstaan. Amen."

AKTIWITEIT

Maak 'n perd wat die wa gesleep het!
Kleur die perdjie in.Vou repies karton in 'n "spring" vorm. Plak die spring op die fondasie karton en plak of kram die perdjie vas aan die gevoude "spring"



IN MY BOKS

Filippus het ons geleer dat God ons lei op ons pad, en dat ons moet gehoorsaam wees aan Sy stem.
Deur sy gehoorsaamheid kon hy die Goeie Nuus van Jesus met die Ethiopiese amptenaar deel, wat tot groot blydskap en geloof gelei het! Ons kan ook vandag God se Goeie Nuus met ander deel!

BYBEL BYT

God het Filippus van een plek na 'n ander plek 100km geskuif dit was 'n wonderwerk!

Naam



Handelinge 8:36-38

Toe hulle verder ry, kom hulle by water. En die amptenaar sê: “Kyk, daar is water. Hoekom mag ek nie gedoop word nie? Is daar iets wat keer?” Die amptenaar het gesê die wa moet stop. Filippus en die amptenaar het afgeklim tot in die water, en Filippus het hom gedoop.

HET JY GEWEET DAT ETIOPIË IN AFRIKA IS?

Kyk hoeveel Afrika lande kan jy benoem?
Kleur elke land ‘n ander kleur in!










Naam_____

LES #5

SAULUS WORD PUALUS





"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping; die oue het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword." - 2 Korintiërs 5:17

'N VYAND WORD 'N VRIEND

Kan jy jou indink dat die **grootste vyand** van die kerk, die kerk se **grootste held** geword het? Dit is presies wat met 'n man met die naam Saulus gebeur het. Saulus was glad nie lief vir Jesus of sy volgelinge nie. Hy was kwaad vir hulle! Hy het gedink hulle praat nonsens en hy het alles in sy mag gedoen om hulle te stop. Hy het selfs van huis tot huis gegaan om Christene te vang en in die tronk te gooi. Onthou jy vir Stefanus, wat met klippe doodgegooi is? Saulus was daar en hy het gedink dit was reg. Op 'n dag was Saulus op pad na 'n stad met die naam **Damaskus.** Hy was oppad om nog Christene te vang. Maar op daardie pad het iets gebeur wat alles sou verander.

Skielik het 'n **lig uit die hemel**, meer helder as die middagson, rondom hom geflits! Saulus was so geskok dat hy op die grond neergeval het. Toe hoor hy 'n stem wat vir hom sê: **"Saulus, Saulus, waarom vervolg jy My?"** Saulus was bang en het gevra: **"Wie is U, Here?"**

Die stem het geantwoord: **"Ek is Jesus, vir wie jy vervolg."**

Toe Saulus sy oë oopmaak, kon hy niks sien nie. Hy was heeltemal **blind**! Die mans saam met hom moes hom aan die hand lei en Damaskus toe neem. Vir **drie dae** lank was Saulus blind, en hy het niks geëet of gedrink nie. Intussen het God met 'n goeie man in Damaskus, **Ananias**, gepraat en vir hom gesê om na Saulus toe te gaan. Ananias was eers bang! Hy het geweet hoe gevaarlik Saulus was. Maar God het vir hom gesê: **"Gaan, want Ek het hom gekies om my Naam aan baie mense bekend te maak."** Ananias was gehoorsaam. Hy het Saulus gekry, sy hande op hom gelê en gesê dat Jesus hom gestuur het sodat hy weer kon sien en met die **Heilige Gees vervul** kon word. Dadelik het iets soos skille van Saulus se oë afgeval, en hy kon weer sien! Hy het opgestaan, **is gedoop,** en het dadelik begin om vir almal te vertel dat **Jesus waarlik die Seun van God is!**

Die man wat Christene gehaat het, het nou die liefde van Jesus met almal gedeel. Sy naam is later verander na **Paulus**, en hy het een van die grootste sendelinge geword wat nog ooit geleef het.

BOODSKAP

Jesus Se Lig Verander Alles!

Een oomblik met Jesus het alles vir Saulus verander.

Die helder lig op die pad na Damaskus was meer as net 'n lig vir sy oë; dit was 'n lig wat sy hele hart nuut gemaak het.

Hierdie storie wys vir ons dat niemand ooit te ver of te sleg is vir God se liefde nie. Dit maak nie saak hoe donker dinge in jou hart voel, of watter foute jy gemaak het nie, Jesus se lig is altyd sterker.

Hy wil ook in jou lewe inskyn en vir jou 'n nuwe hart en 'n splinternuwe doel gee, net soos Hy vir Paulus gegee het.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- **Hoe was Saulus aan die begin van die storie?**
- **Wat het op die pad na Damaskus met hom gebeur?**
- **Wat het Jesus vir Saulus gevra?**
- **Hoe het Saulus verander nadat hy Jesus ontmoet het?**
- **Dink jy enige iemand is te "stout" of te "sleg" vir God om lief te hê en te verander?**

Gebed



"Liewe Jesus, dankie vir die storie van Paulus. Dankie dat U vir ons wys dat niemand te sleg is vir U liefde nie. Dankie dat U die krag het om ons harte heeltemal nuut te maak. Help ons om, net soos Paulus, dapper te wees en vir ander van U te vertel. Amen."

AKTIWITEIT

Kleur al die prente van Paulus se verhaal in.
Vou die papier in 'n blokkie (kubus) vorm en plak die blokkie toe.



IN MY BOKS

Jesus se lig is kragtig genoeg om enige persoon heeltemal te verander.



Dit maak nie saak wie jy is of wat jy gedoen het nie, God het 'n plan vir jou en kan jou gebruik om ongelooflike dinge te doen.

BYBEL BYT


Paulus het 13 briewe in die nuwe testament geskryf! Hy was baie slim!

Aktiwiteit:

Plak die blokkie op ‘n karton en knip dit uit, vou dan die blokkie en plak dit sodat dit ‘n kubus vorm...

NAAM


ONTMOETING MET JESUS



Handelinge 9:5

“Wie is U, Here?” het Paulus gevra.
“Ek is Jesus,” antwoord Hy.
“Dis vir Mý wat jy vervolg!"


BEKERING VAN PAULUS



Handelinge 9:20

Paulus het Jesus dadelik begin verkondig – dat Jesus die Seun van God is.

ANANIAS GENEES PAULUS



VERKONDIG DIE GOEIE NUUS



Ysbreker idee

SPELETJIE-IDEE:


BLIND GELEI

Hierdie speletjie help kinders om te verstaan hoe Saulus moes vertrou en hoe Ananias moes help. Maak 'n klein hindernisbaan (maze) in die saal met kussings, stoele, ens.

Een kind is "Saulus" en word geblinddoek.

'n Ander kind is "Ananias" en moet vir "Saulus" met net sy stem deur die baan lei. Hy mag nie aan "Saulus" raak nie.

Dit leer hoe belangrik dit is om te luister na die regte stem en te vertrou dat iemand jou veilig sal lei, net soos Saulus vir Ananias moes vertrou en ons vir Jesus moet vertrou.



Naam_____

LES #6

TABITA WORD LEWENDIG

Handelinge 9:36
"In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita... Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help."

In **Joppe**, 'n besige hawestad, het daar 'n vrou gebly wat almal geken het vir haar goeie hart. Haar naam was **Tabita**, wat in 'n ander taal **Dorkas** beteken. Tabita was 'n **dissipel van Jesus**, en sy het Jesus nie net met haar woorde gevolg nie, sy was altyd besig om **goeie dade** te doen en die **arm mense** te help. As sy 'n bietjie lap en garing gehad het, het sy die mooiste klere vir die weduwees gemaak. 'n Weduwee is 'n vrou wie se man oorlede is, en in daardie dae het hulle dikwels baie swaar gekry. Maar Tabita het vir hulle omgegee. Sy het seker gemaak hulle het warm mantels vir die koue aande en mooi rokke om te dra. Al die mense in Joppe was lief vir haar, want sy was soos 'n sonstraal van goedhartigheid. Maar op 'n dag het iets baie hartseer gebeur. Tabita het **siek** geword, en sy het **gesterf.** Die hele dorp was in rou. Die weduwees het bymekaar gekom en bitterlik gehuil. Hulle het vir mekaar die pragtige klere gewys wat Tabita vir hulle gemaak het. "Kyk hier," het een gesê en haar warm mantel vasgehou, "Tabita het hierdie vir my gemaak. Wie gaan nou vir ons sorg?"
Die gelowiges in Joppe het gehoor dat **Petrus,** een van Jesus se naaste vriende en apostels, in die nabygeleë dorpie Lidda was. Hulle het dadelik mans gestuur om hom te gaan haal en gesmeek: "**Asseblief, kom dadelik!**"Petrus het nie gehuiwer nie en saam met hulle teruggegaan na Joppe. Toe hy by die huis kom waar Tabita se liggaam in 'n bovertrek gelê het, was die kamer vol van die huilende weduwees. Petrus se hart was seer toe hy hulle hartseer sien. Hy het almal gevra om uit die kamer te gaan. Toe hy alleen met Tabita was, het hy op sy knieë gegaan en gebid.
Daarna het hy na haar toe gedraai en met 'n ferm stem gesê: **"Tabita, staan op!"** En toe gebeur die **wonderwerk**! Sy het haar oë oopgemaak, en toe sy vir Petrus sien, het sy **regop gesit.** Petrus het haar hand geneem en haar gehelp om op te staan. Hy het toe die gelowiges en die weduwees teruggeroep kamer toe. Hulle trane van hartseer het in trane van pure vreugde verander toe hulle hul liewe Tabita lewendig sien! Die **nuus** van hierdie ongelooflike wonderwerk het soos 'n veldbrand deur die **hele Joppe versprei,** en as gevolg daarvan het baie, baie mense in die **Here Jesus begin glo.**



BOODSKAP

God kan ons gewone talente gebruik om Sy liefde aan ander te wys.
Tabita kon naaldwerk doen, en sy het daardie gawe gebruik om 'n groot verskil in haar gemeenskap te maak.
Haar liefde en diensbaarheid het soveel mense geraak dat toe sy weg was, hulle haar verskriklik gemis het. God sien die klein dingetjies wat ons uit liefde vir ander doen, en Hy kan dit gebruik om groot dinge te laat gebeur

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- **Wat was Tabita se ander naam?**
- **Watse goeie dade het Tabita gedoen, veral vir die weduwees?**
- **Hoekom dink jy was die mense so hartseer toe sy gesterf het?**
- **Watter wonderwerk het God deur Petrus gedoen?**
- **Wat kan ons doen om ander mense te help en liefde te wys, net soos Tabita?**

Gebed



Liewe Heer,
Help ons om te onthou dat ons nie groot en belangrike dinge hoef te doen om 'n verskil te maak nie. Help ons om ons hande, ons talente en ons harte te gebruik om ander lief te hê en te help, net soos sy gedoen het. Dankie dat U ons goeie dade sien en dit gebruik om U lig te laat skyn. Amen.

AKTIWITEIT

Sny die kledingstuk uit. Gebruik 'n gaatjieponser om gaatjies langs die rante van die karton-kledingstuk te maak.
Vat 'n stukkie wol om deur die gaatjies te "ryg", net soos Tabita sou gedoen het, toe sy klere vir die behoeftiges gemaak het.

IN MY BOKS

Ons kan ons dade en talente elke dag gebruik om vir ander mense God se liefde te wys, en selfs die kleinste goeie daad is vir God baie werd


BYBEL BYT

Tabita was haar Aramese naam en Dorkas was haar Griekse naam, sy was geliefd oor kultuurgroepe.



MATTEUS 5:16
Die mense moet
sien dat julle
reg lewe.
Dan sal hulle
ook God prys!


MATTEUS 5:16
Die mense moet
sien dat julle
reg lewe.
Dan sal hulle
ook God prys!


MATTEUS 5:16
Die mense moet
sien dat julle
reg lewe.
Dan sal hulle
ook God prys!


MATTEUS 5:16
Die mense moet
sien dat julle
reg lewe.
Dan sal hulle
ook God prys!


MATTEUS 5:16
Die mense moet
sien dat julle
reg lewe.
Dan sal hulle
ook God prys!


MATTEUS 5:16
Die mense moet
sien dat julle
reg lewe.
Dan sal hulle
ook God prys!

Naam_____

LES #7

PETRUS EN KORNELIUS






Handelinge 10

GOD SE LIEFDE IS VIR ALMAL

Kornelius was 'n goeie en gelowige **Romeinse offisier** - wat arm mense gehelp het. Hy het gereeld gebid. Eendag het 'n **engel** aan hom verskyn en gesê hy moet 'n man met die naam **Petrus** laat haal wat in 'n ander dorp, gekuier het.
Petrus was op dieselfde tyd besig om op 'n dak te bid toe hy baie honger geword het. Hy het toe 'n vreemde **droom** gesien. In die droom het 'n **groot laken** uit die hemel afgekom met klomp **diere** daarin wat die Jode as "onrein" beskou het en nie mag geëet het nie. 'n Stem het vir Petrus gesê om die diere te slag en te eet.
"Moenie iets onrein noem wat God **rein gemaak** het nie."
Net toe Petrus wonder wat die droom beteken, het die manne wat Kornelius gestuur het, aan sy deur geklop. Die **Heilige Gees** het vir Petrus gesê om saam met hulle te gaan. Toe Petrus by Kornelius se huis aankom, het hy verstaan wat God vir hom probeer leer het: die **Goeie Nuus oor Jesus** is nie net vir die Jode nie, maar vir almal, selfs vir Romeinse mense. Petrus het vir Kornelius en sy hele huisgesin van Jesus vertel, en hulle het almal die **Heilige Gees ontvang** en is **gedoop**.


IN MY BOKS

Die kernboodskap is dat God geen witbroodjies het nie. Hy is lief vir elke mens, maak nie saak uit watter volk, land of agtergrond hulle kom nie. Voor hierdie gebeurtenis het die eerste Christene, wat meestal Jode was, gedink die evangelie is net vir hulle.



Petrus se droom het hom geleer dat God se kring van liefde oop is vir almal, en dat ons niemand mag uitsluit of dink ons is beter as hulle nie.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



- **Hoekom was dit vir Petrus en die ander Jode so vreemd om by Kornelius, 'n Romein, te gaan kuier?**
- **Wat dink julle het die droom oor die diere in die laken beteken?**
- **Kan jy aan 'n tyd dink wat jy iemand uitgesluit het omdat hulle anders as jy was? Hoe dink jy het dit hulle laat voel?**
- **Op watter maniere is mense in jou skool of omgewing anders as jy?**
- **Hoe kan ons, soos Petrus, leer om mense te aanvaar en lief te hê soos God hulle liefhet?**

Gebed



**Liewe Heer,
Dankie dat U vir almal lief is, maak nie saak wie hulle is of waar hulle vandaan kom nie. Help my asseblief om mense te sien soos U hulle sien. Gee my die moed om 'n vriend vir almal te wees en nooit iemand uit te sluit nie.
Amen.**

AKTIWITEIT

Maak jou eie deurhanger!
Hang dit die week aan jou kamerdeur om jou en jou gesin te herinner dat God almal verwelkom maak nie saak hoe ons lyk of wat ons doen nie, God nooi ons elkeen uit om deel te word van Sy familie!



ONTHOU VERS

**HANDELINGE 10:34
"EK BESEF DAT GOD NIEMAND VOORTREK NIE."**




BYBEL BYT

Kornelius was 'n centurion, dit beteken hy was die leier van 100 soldate in die Romeinse Ryk.


Vind die 7 Verskille





Help die boodskapper om Petrus te kry!

Naam_____



HANDELINGE 10



ALMAL IS WELKOM IN GOD SE KONINGKRYK!

HANDELINGE 10



ALMAL IS WELKOM IN GOD SE KONINGKRYK!

HANDELINGE 10




ALMAL IS WELKOM IN GOD SE KONINGKRYK!

Naam_____

LES #8

PETRUS EN DIE ENGEL





Handelinge 12

Die engel help Petrus uit die tornk ontsnap!

Koning Herodes was besig om die volgelinge van Jesus baie moeilikheid te gee. Hy het **Petrus laat vang** en hom in die diepste deel van die **tronk** gegooi. Om seker te maak hy ontsnap nie, is hy met twee **kettings** aan twee soldate vasgemaak, terwyl nog soldate voor die deur waggehou het. Dit het **onmoontlik** gelyk om uit te kom. Maar terwyl Petrus geslaap het, was die kerk besig om aanhoudend en vurig vir hom te **bid.** Skielik het 'n helder lig die sel gevul. 'n Engel het aan Petrus se sy geraak en gesê: **"Staan gou op!"** Die kettings het net so van sy hande afgeval.

Die **engel** het hom beveel om sy skoene aan te trek en hom te volg. Petrus het gedink hy droom! Hulle het by die wagte verbygestap en toe hulle by die groot ysterhek van die stad kom, het dit vanself oopgegaan.

Eers toe die engel verdwyn, het Petrus besef:

"Die Here het werklik Sy engel gestuur om my te red!"

Hy het reguit na die huis van Maria gegaan waar die mense besig was om te bid. Toe hy aan die deur klop, was die mense so verras dat hulle eers nie kon glo dit is hy nie.

God het hulle gebede op 'n wonderwerklike manier **beantwoord!**

IN MY BOKS

Die belangrikste les is dat gebed kragtig is. Soms voel ons vasgekeer deur probleme wat soos groot ysterhekke of swaar kettings voel. Hierdie verhaal leer ons dat niks te moeilik is vir God nie. Wanneer gelowiges saamstaan en bid, beweeg God se hand. Gebed is nie net om te vra vir dinge nie; dit is om God in te laat in ons moeilikste situasies





KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



Hoeveel soldate en kettings is gebruik om Petrus op te pas, en hoekom dink jy was dit so streng?

Wat het die ander gelowiges gedoen terwyl Petrus in die tronk was?

Hoe het Petrus geweet dat sy ontsnapping nie 'n droom was nie?

Wat vertel hierdie storie vir ons oor wat gebed kan doen in "onmoontlike" situasies?


Gebed is belangrik!

Gebed maak deure oop wat ons nie self kan oopmaak nie. Moet nooit die krag van 'n gebed onderskat nie, selfs al lyk die situasie hoe sleg of donker.

JAKOBUS 5:16
DIE VURIGE GEBED VAN `N REGVERDIGE HET GROOT KRAG.

AKTIWITEIT

Petrus was vasgeketting met boeie! Maak jou eie boeie en kettings! Maak 4 klein kettings en twee groot boeie! Kleur dit in voor jy begin plak!



Benodig:
Gom of krambinder, inkleur potlode.

ONTHOU VERS

HANDELINGE 12:5
DIE KERK HET AANHOUDEND VIR HOM TOT GOD GEBID.



BYBEL BYT

Die tronk waar Petrus was, was ondergronds, pikdonker, klam en sonder enige vensters.

HANDELINGE 12:5-19

Petrus word uit die tronk gevry

Die nag voordat Herodes hom in die openbaar sou verhoor het.

Petrus het tussen twee soldate geslaap terwyl hy met twee kettings geboei was en ander wagte die tronkdeur bewaak.

Meteens staan daar 'n engel van die Here by Petrus, en 'n lig skyn in die sel.

Die engel stoot toe aan Petrus se sy, en maak hom wakker en sê: "Staan gou op!

Die boeie het van sy pols afgeval

Voorbeeld van die aktiwiteit



LES #9

LIDIA WORD 'N CHRISTEN



Handelinge 16:11-15



DIE VROU WAT PERS MATERIAAL VERKOOP HET

In 'n stad met die naam **Filippi,** het 'n baie spesiale vrou gewoon. Haar naam was **Lidia.** Lidia was nie sommer enige iemand nie; sy was 'n slim besigheidsvrou wat baie duur, pragtige pers lap verkoop het. In daardie tyd was pers lap soos die "goud" van klere – net konings en baie ryk mense kon dit bekostig!

Op 'n mooi **Sabbatdag** het Lidia en 'n groep ander vroue bymekaargekom by die rivier net buite die stad. Hulle was daar om te **bid** en tyd saam met God te spandeer.

Terwyl hulle daar gesit het, het **Paulus** en sy vriende daar aangekom.

Paulus het by hulle gaan sit en begin **vertel van Jesus.**

Lidia het mooi gesit en luister. Maar weet julle wat is die mooiste deel? Die Bybel sê die **Here het Lidia se hart oopgemaak**. Sy het nie net met haar ore geluister nie, sy het met haar hart geglo! Sy het dadelik geweet dat **Jesus haar Verlosser is.**

Lidia was so opgewonde dat sy en haar hele gesin sommer daar en dan **gedoop** is.

Sy wou dadelik haar nuwe geloof wys deur iets vir ander te doen.

Sy het vir Paulus-hulle gesê: "As julle glo dat ek regtig die Here liefhet, kom bly in my huis."

En so het Lidia se huis 'n plek geword waar mense veilig kon wees en meer van **Jesus** kon leer.

IN MY BOKS

GOD MAAK HARTE OOP

Ons kan die Bybel lees, maar dit is God wat ons help om dit regtig te verstaan en te glo. Ons moet vra dat Hy ons harte "oopmaak" vir Sy boodskap.



GOEIE DADE VOLG OP GELOOF

Toe Lidia in Jesus begin glo het, wou sy dadelik help en gasvry wees. As ons Jesus in ons hart het, wil ons vriendelik en vrygewig wees teenoor ander.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

Lidia was 'n besigheidsvrou gewees, wat het sy verkoop?

_____

Waar het Paulus en Lidia mekaar ontmoet?

_____

Wie het Lidia se hart oopgemaak sodat sy die boodskap kon verstaan?

_____

Wat het met Lidia en haar gesin gebeur nadat sy geglo het?

_____

Bevestiging!

"Liewe Here, Maak asseblief my hart wawyd oop, net soos Lidia s'n. Help my om U woorde te hoor en met liefde te lewe. Amen."

"MY HART IS OOP VIR GOD SE WOORD"

AKTIWITEIT

Plak klomp verskillende soorte pers lappies op jou kruis, maak 'n gatjie met 'n gatjiepons en ryg 'n lint of wol deur. Hang jou kruis aan julle kar se spieel die week om die les te onthou!

Benodig:
Gom , verskeie pers lappies, gatjiepons, lint of wol



HANDELINGE 16:14
DIE HERE HET HAAR HART OOPGEMAAK OM BAIE GOED TE LUISTER NA WAT PAULUS GESÊ HET. `

BYBEL BYT

In die Bybelse tyd was pers klere ongelooflik duur omdat die kleursel gemaak is van die slym van duisende klein seeslakke - die Murex slak

DIE HERE HET LIDIA AANGERAAK SODAT SY DIE GOEIE NUUS OOR JESUS GELOWIG AANVAAR HET

HANDELINGE 16:14



DIE HERE HET LIDIA AANGERAAK SODAT SY DIE GOEIE NUUS OOR JESUS GELOWIG AANVAAR HET

HANDELINGE 16:14

Naam



Naam

`14ONE OF THEM WAS LYDIA FROM THYATIRA, A MERCHANT OF EXPENSIVE PURPLE CLOTH, WHO WORSHIPED GOD. AS SHE LISTENED TO US, THE LORD OPENED HER HEART, AND SHE ACCEPTED WHAT PAUL WAS SAYING. `

ACTS OF THE APOSTLES 16:14

Name

`14ONE OF THEM WAS LYDIA FROM THYATIRA, A MERCHANT OF EXPENSIVE PURPLE CLOTH, WHO WORSHIPED GOD. AS SHE LISTENED TO US, THE LORD OPENED HER HEART, AND SHE ACCEPTED WHAT PAUL WAS SAYING. `

ACTS OF THE APOSTLES 16:14

Name

Voorbeeld van die aktiwiteit



LES #10

PAULUS EN SILAS SING IN DIE TRONK



Handelinge 16:16-40

LOFPRYSING IN DIE DONKER

Terwyl **Paulus en Silas** in die stad **Filippi** was om mense van Jesus te vertel, het dinge skielik moeilik geword. Mense wat nie van hulle boodskap gehou het nie, het vir die leiers van die stad gaan lieg. Paulus en Silas is geslaan en in die binneste deel van 'n **donker, koue tronk** gegooi. Hulle voete is in **swaar houtblokke** (boeie) vasgemaak sodat hulle nêrens kon gaan nie en baie ongemaklik was.

Dit was 'n baie rowwe nag. Maar weet julle wat is die wonderlikste deel? In plaas daarvan om te huil of kwaad te word of te kla, het Paulus en Silas om middernag begin **bid en liedjies tot** God **gesing!** Die ander gevangenes het verwonderd na hulle geluister.

Skielik was daar 'n groot **aardbewing**! Die fondamente van die tronk het geskud, al die deure het oopgevlieg en almal se **kettings het losgegaan**. Die tronkbewaarder het wakker geskrik en was vreesbevange. Hy het gedink al die gevangenes het ontsnap en wou homself doodmaak. Maar Paulus het hard uitgeroep: "Moenie jouself iets aandoen nie! Ons is almal nog hier!" Die bewaarder het met 'n lig ingestorm en bewend voor Paulus en Silas neergeval. Hy het gevra: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" Hulle het vir hom gesê: **"Glo in die Here Jesus."** Daardie selfde nag het die bewaarder en sy hele huisgesin tot **bekering** gekom en is hulle **gedoop**.

IN MY BOKS

GOD HET 'N PLAN IN DIE DONKER

Soms gebeur slegte dinge met ons, selfs as ons die regte ding doen. Maar God verlaat ons nooit nie. Hy kan selfs 'n donker tronk in 'n plek van lofprysing en redding verander.



LOFPRYSING IS 'N WAPEN

Wanneer ons sing en die Here prys, verander ons fokus van ons probleme na God se grootheid. Lofsange kan "kettings" van vrees en bekommernis in ons harte breek

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



Waarom was Paulus en Silas in die tronk?

_____

Wat het hulle om middernag gedoen ten spyte van hul pyn?

_____

Wat het gebeur terwyl hulle besig was om God te prys?

_____

Wat was die tronkbewaarder se belangrike vraag aan hulle?

_____

Bevestiging!

"Liewe Here, dankie dat U by my is selfs wanneer ek bang of hartseer is. Help my om te onthou om U te prys, want U is groter as enige probleem. Vul my hart met 'n lied.
Amen."

"MY HART SING
VIR DIE HERE,
SELF IN DIE DONKER"



ONTHOU VERS

HANDELINGE 16:31
"GLO IN DIE HERE JESUS EN JY SAL GERED WORD, JY EN JOU HUISGESIN."




BYBEL BYT

In die Romeinse tyd was tronke ondergrondse gate sonder lig of vars lug. Die "houtblokke" waarin hul voete was, was ontwerp om die gevangene in 'n baie ongemaklike posisie te dwing sodat hulle nie kon slaap nie. Dit maak dit nog meer ongelooflik dat hulle kon sing!

Kleur die prentjie in en Knip dan die blokke uit sny die deure oop en plak dit bo-op die tronk, sodat die deure kan oopvou na buite


Plakstrook



Plakstrook

Handelinge 16:25

Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing. Die ander gevangenes het na hulle geluister



LES #11

PAULUS SE SKIPBREUK

GOD SE WOORD

Handelinge 27

GOD BEWAAR HOM IN DIE STORM

Terwyl **Paulus** as 'n gevangene op 'n **skip na Rome** was, het die weer skielik verander. 'n Geweldige stormwind, het opgesteek. Vir baie dae kon hulle nie die son of die sterre sien nie. Die golwe was so hoog en die wind so sterk dat die bemanning naderhand alle hoop opgegee het om gered te word. Hulle was **doodbang**!


Maar in die middel van die donkerste nag, het Paulus opgestaan en gesê: **"Hou moed!"** Hy het vertel dat 'n engel van God aan hom verskyn het. Die engel het belowe dat niemand sou verdrink nie, al sou die skip self vergaan. Paulus het vir almal gesê hulle moet eet sodat hulle krag kan hê, en hy het **God voor almal gedank.**

Skielik het die skip 'n **sandbank** getref! Die voorkant het vasgesit en die agterkant het deur die geweldige krag van die golwe uitmekaar begin breek. Die soldate wou die gevangenes doodmaak, maar die offisier het hulle gekeer omdat hy Paulus wou red. Hy het opdrag gegee dat almal wat kan swem, eerste in die water moet spring. Die ander moes aan planke en stukke van die skip vashou. Net soos God belowe het, het al **276 mense** veilig die strand bereik. Nie een persoon het verdrink nie!

IN MY BOKS

GOD IS BY JOU IN DIE STORM


Soms voel dit of daar 'n "storm" in ons lewens is – wanneer dinge sleg gaan of ons bang is. Maar net soos God by Paulus op die skip was, is Hy ook by jou. Hy is nooit verras deur 'n storm nie en Hy belowe om ons nooit alleen te laat nie.



GELOOF IS 'N ANKER

Wanneer die wind waai en alles rondom ons skud, is ons geloof in God soos 'n anker. Dit hou ons kop bo water. Paulus kon kalm bly omdat hy geweet het God is in beheer, selfs al breek die skip in stukke.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



Wat het die mense op die skip laat hoop verloor?

_____

Waarheen was Paulus en die ander mense op pad met die skip?

_____

Wat het die engel vir Paulus belowe gedurende die nag?

_____

Hoe het die mense wat nie kon swem nie, die strand veilig bereik?

_____

Bevestiging!

"Liewe Here, dankie dat U die Storm-Stiller is. Selfs wanneer dinge rondom my uitmekaar breek, weet ek dat U my veilig in U hand hou. Help my om op U beloftes te vertrou en nie bang te wees nie, want U is sterker as enige wind of golf. Amen."

"EK HOU VAS AAN GOD, HY IS MY ANKER IN ELKE STORM"

AKTIWITEIT

Maak 'n anker met 'n ketting



Benodig: Skêr, gom.

ONTHOU VERS


HANDELINGE 27:25
"HOU MOED, VRIENDE! WANT EK GLO IN GOD



BYBEL BYT


In die Romeinse tyd het skepe nie kompasse of GPS gehad nie. Kapteins moes na die sterre kyk om te weet waarheen hulle vaar. Wanneer 'n storm die sterre toegegooi het met dik wolke, was die skip effektief "blind." Dit is waarom dit so 'n groot wonderwerk was dat hulle almal veilig op die eiland Malta uitgespoel het

"EK HOU VAS AAN GOD, HY IS MY ANKER IN ELKE STORM"



GOD IS BY JOU IN DIE STORM

HANDELINGE 27
GOD BEWAAR PAULUS IN DIE STORM



Vind die 8 verskille

Naam_____

HANDELINGE 27:25

Hou moed, *vriende*! Want ek glo in God!

HANDELINGE 27:25

Hou moed, *vriende*! Want ek glo in God!

LES #12



PAULUS EN DIE SLANG



Handelinge 28

GOD BESKERM PAULUS OP DIE EILAND

Nadat Paulus en die **276 mense** veilig op die strand van die **eiland Malta** uitgespoel het - net soos God belowe het!, was hulle koud en papnat. Die mense van die eiland was baie vriendelik. Hulle het dadelik 'n **groot vuur** gemaak sodat almal kon warm word.
Paulus was nie iemand wat net gesit en kyk het hoe ander werk nie. Hy het gehelp om 'n bondel takke bymekaar te maak vir die vuur. Maar toe hy die takke op die vuur gooi, gebeur daar iets verskrikliks: 'n **Giftige slang** kom uit die hitte uit en byt hom aan sy hand vas!
Die mense van die eiland het groot geskrik.
Hulle het gedink: "Hierdie man moet 'n moordenaar wees. Hy het die storm oorleef, maar nou gaan die wraak van die natuur hom doodmaak." Hulle het gewag dat Paulus se hand **opswel** of dat hy **dood neerval**.
Maar Paulus het iets ongelooflliks gedoen: Hy het die slang net so in die vuur afgeskud en niks het met hom gebeur nie! **God het hom beskerm,** presies soos Hy belowe het.
Toe die mense sien hy word nie siek nie, het hulle **besef dat God met hom is**.
Later het **Paulus** ook die pa van die hoofman op die eiland, Publius, **gesond gebid**, asook baie ander siek mense.
God het die slangbyt gebruik om vir die hele eiland te wys **hoe groot Sy krag** is.

IN MY BOKS

Soms dink ons dat as ons een "storm" oorleef het, alles sommer dadelik maklik gaan wees. Paulus het pas 'n skipbreuk oorleef, net om deur 'n slang gebyt te word! Maar God was nie verras nie. Net soos Hy by Paulus in die storm was, was Hy by hom by die vuur.

DIE LES:

God se beskerming stop nie wanneer die storm verby is nie. Hy is elke oomblik by jou, selfs wanneer klein "slangetjies" (soos probleme by die skool of slegte nuus) jou probeer byt.



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

Hoekom dink jy het Paulus gehelp om hout te versamel in plaas daarvan om net te rus?
Hy het gedien en ander gehelp, selfs in sy eie swaarkry.

Wat het die mense van die eiland eers van Paulus gedink toe die slang hom byt?
Hulle het gedink hy is 'n slegte mens wat gestraf word.

Wat het Paulus met die slang gedoen?
Hy het dit eenvoudig in die vuur afgeskud

Hoe kan ons "slange" (slegte gedagtes of bang wees) in ons eie lewens "afskud"? Deur te bid en op God se beloftes te vertrou

Wat nog?

Bevestiging!

"Liewe Here, dankie dat U my beskermer is. Dankie dat U by my is in die groot storms én in die klein uitdagings van elke dag. Help my om op U te vertrou en nie bang te wees wanneer dinge verkeerd loop nie. Dankie dat U krag groter is as enige 'slangbyt' of probleem. Amen."

DIE HERE BESKERM MY VAN GEVAAR!

AKTIWITEIT

Sny die spiraal uit en knip die slang se kop uit, plak dit op die slag lyf. Plak stickers op die slang!



Benodig: Skêr, gom.


ONTHOU VERS

PSALM 91:11
"HY SAL SY ENGELE OPDRAG GEE OM JOU TE BESKERM WAAR JY OOK AL GAAN."


BYBEL BYT


Die eilandbewoners op Malta was baie bygelowig. In daardie tyd het mense geglo dat as iets slegs met jou gebeur, dit beteken die "gode" is kwaad vir jou. Paulus se beskerming het vir hulle gewys dat die ware God sterker is as enige bygeloof of noodlot.


Slangetjies en leertjies!




1=Geel 2=Rooi 3=Groen 4=Blou



1 2 4 1 3 2 4 1 3 2 4 1 3













LES #13



GEEN SKEIDING NIE



Romeine 8

GOD SE GEES MAAK ONS WENNERS

Paulus skryf self 'n brief aan die mense in **Rome** om te verduidelik waarom ons nooit **bang** hoef te wees nie. Romeine 8 is soos 'n "oorwinningsliedjie" vir elke kind van God.


Paulus vertel vir ons dat daar nou **geen veroordeling** is vir elkeen wat aan Jesus behoort nie. Dit beteken dat wanneer ons foute maak en dit vir Jesus sê, Hy ons **vergewe** en ons nie meer **"skuldig"** is nie.
Maar Paulus weet dat die lewe soms moeilik is – amper soos daardie koue nag op die eiland Malta. Daarom sê hy dat God vir ons 'n Spesiale **Helper** gestuur het: die **Heilige Gees.**

Die **Heilige Gees** help ons wanneer ons **swak** voel of nie weet wat om te bid nie.
Hy **herinner** ons dat ons God se **kinders** is.
Ons is nie meer slawe van vrees nie; ons is **koningskinders!**
Paulus eindig hierdie hoofstuk met die beste nuus ooit:
Niks – nie die dood, nie die lewe, nie engele, nie slange, nie storms –
kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie.
Ons is meer as oorwinnaars!

IN MY BOKS

Soms voel dit asof alles verkeerd loop en ons "verloor." Maar Romeine 8 sê dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet. Net soos die slangbyt op die eiland eintlik gebruik is om God se krag te wys, gebruik God elke moeilike ding in jou lewe om jou sterker te maak.

DIE LES: Jy is nooit alleen nie. Die Heilige Gees woon in jou, en God se liefde is soos 'n onbreekbare ketting wat jou aan Hom vasbind. Niks kan daardie ketting breek nie!



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



Wat doen die Heilige Gees as ons nie weet wat om te bid nie?

Hy help ons en staan in vir ons by God.

Is daar enigiets wat ons kan doen om ons te skei van God se liefde?

Nee, Romeine 8 sê niks in die hele skepping kan ons skei van Sy liefde nie.

Wat beteken dit om "meer as 'n oorwinnaar" te wees?!

Dat ons reeds gewen het omdat Jesus vir ons gewen het, selfs voor die geveg begin!

Hoe kan ons die Heilige Gees se stem in ons lewe hoor?

Deur stil te word, Bybel te lees en te luister na daardie "sagte stem" in ons hart wat ons lei om die regte dinge te doen.

Bevestiging!


"Liewe Here, dankie dat ek U kind is. Dankie dat U Heilige Gees binne-in my woon om my te help wanneer ek swak voel. Ek glo vandag dat niks my van U groot liefde kan skei nie. Help my om soos 'n oorwinnaar te lewe omdat Jesus reeds die oorwinning vir my behaal het. Amen."

EK IS MEER AS `N OORWINNAAR DEUR JESUS!

AKTIWITEIT


Kleur al die trappies verskillende kleure in en plak dit dat dit 3D uitstaan.

Benodig:
Skêr,
gom.




ONTHOU VERS

ROMEINE 8:31 "WAT SAL ONS DAN OOR HIERDIE DINGE SÊ? AS GOD VIR ONS IS, WIE KAN TEEN ONS WEES?"



BYBEL RYE

Paulus het hierdie brief geskryf lank voordat hy op die eiland Malta was! Hy het reeds geweet dat God hom sou beskerm, want hy het geweet dat God se liefde sterker is as enige gevaar. Romeine 8 word dikwels die "Mount Everest" van die Bybel genoem omdat dit so 'n hoë en pragtige uitkykpunt oor God se genade gee.


JESUS

vou om en plak

Romeine 10:9
As ons met ons mond bely en in ons hart glo, sal God ons vergewe

Romeine 5:8
God het Sy liefde gewys deur Jesus te stuur om vir ons te sterf toe ons nog sondaars was.

Romeine 6:23
Die loon van die sonde is die dood,
maar die geskenk van God is die ewige lewe.

Romeine 3:23
Almal het gesondig en is ver weg van God se heerlikheid.

Romeine 3:10
Niemand is perfek nie

DIE PAD NA VERLOSSING

vou om en plak



LES #14

DIE BLYDSKAP-RESEP



FILIPPENSE

VREUGDE SELFS IN DIE TRONK

Paulus skryf 'n brief aan sy vriende in die stad **Filippi**. Maar raai waar was hy toe hy dit geskryf het? Hy was nie op vakansie of by die huis nie... hy was in die **tronk**! Sy hande en voete was dalk in kettings, maar sy **hart was vry** en vol liedjies.
Paulus leer ons dat **blydskap** nie afhang van wat rondom ons gebeur nie, maar van Wie binne-in ons woon. Hy noem dit sy "geheim." Selfs toe dinge vir hom baie moeilik en donker was, het hy gekies om fees te vier omdat hy geweet het Jesus is by hom.

In sy brief gee hy vir ons die "Blydskap-resep":

1. **Moenie bekommerd wees nie**: Vertel vir Jesus alles wat jou pla.
2. **Dink aan die goeie dinge**: Vul jou kop met dinge wat mooi en waar is.
3. **Kry jou krag by Jesus**: Hy is soos 'n kragprop wat ons "batterye" laai wanneer ons moeg of bang voel.

Paulus eindig sy brief deur te sê dat hy geleer het om in elke situasie tevrede te wees. Of hy nou baie kos gehad het of honger was, of hy vry was of in die tronk.
Paulus was altyd vol blydskap omdat Jesus sy beste vriend was.

IN MY BOKS

Soms voel dit asof jy in jou eie "tronk" is – dalk is jy siek, of iemand is lelik met jou, of jy voel sommer net alleen. Onthou dan vir Paulus. Sy "krag-battery" was Jesus, en joune is ook! Wanneer jou battery "pap" voel, gaan na Jesus toe in gebed. Hy gee vir jou die krag om te bly glimlag, selfs wanneer dit moeilik gaan.

DIE LES: Blydskap is 'n keuse! Jy kan kies om op jou probleme te kyk, óf jy kan kies om op Jesus te kyk wat jou sterker maak as enige probleem.



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



Waar was Paulus toe hy hierdie brief geskryf het?

Hy was in die tronk in Rome, maar hy was steeds vol vreugde.

Wat moet ons doen as ons oor iets bekommerd is?

Filippense 4 sê ons moet bid en vir God dankie sê, dan sal Sy vrede ons harte oppas

Is blydskap dieselfde as om "gelukkig" te wees?

Geluk kom van wat gebeur (soos om 'n geskenk te kry), maar blydskap kom van Jesus en bly in jou hart selfs as dinge nie loop soos jy wil hê nie.

Hoe kan ons "tot alles in staat" wees?

Nie omdat ons so sterk is nie, maar omdat Jesus Sy Heilige Gees gestuur het o, ons krag te gee.

Bevestiging!

"Liewe Jesus, dankie dat my blydskap nie van my omstandighede afhang nie, maar van U. Dankie dat wanneer ek swak voel, U vir my krag gee. Help my om vandag aan die goeie dinge te dink en om te onthou dat U altyd by my is, selfs in die 'tronk-dae'. Amen.


EK HET JESUS SE KRAG IN MY!



AKTIWITEIT

Maak jou eie 3 bestandeel koekieballetjies!

Marie koekies
Karamel
Klapper of Sprinkels
ziplock sakkies



ONTHOU VERS

FILIPPENSE 4:13

"EK IS TOT ALLES IN STAAT DEUR CHRISTUS WAT MY KRAG GEE."

BYBEL BYT

Het jy geweet die brief aan die Filippense word die "Brief van Blydskap" genoem? Alhoewel Paulus in die tronk was, gebruik hy die woorde "blydskap" of "verbly" meer as 16 keer in hierdie kort briefie! Dit word ook dikwels die "Mount Everest van Blydskap" genoem.

Die Termometer
van Emosies

Skryf by elke gevoel een ding of situasie neer
wat jou so laat voel.


Kwaad

Hartseer


Bekommerd

Bly

Kalm



Naam: _____



Skryf in hierdie fles die dinge neer
wat jou bly maak.

AKTIWITEIT

Bestanddele:
Mariebeskuitjies (ongeveer 4-5 per kind)
Kondensmelk (gebruik die buisies vir minder gemors)
Kleurvolle "Sprinkles" (of klapper)
Stappe vir die Kinders:
Die "Breek-werk":
Gee vir elke kind 'n klein Ziploc-sak (toerygsak) met die Mariebeskuitjies daarin. Laat hulle die beskuitjies binne-in die sak fyn druk met hulle hande. (Dit is 'n goeie manier om ontslae te raak van enige "stres" of hartseer!).
Die "Bind-middel":
Spuit 'n goeie skeut kondensmelk direk in die sak by die fyn beskuitjies. Maak die sak weer toe en laat die kinders dit van buite af "knie" en meng totdat dit soos 'n stewige deeg voel.
Die "Vorm-werk":
Maak die sak oop, rol klein balletjies met jou hande, en doop dit dadelik in 'n bakkie met "sprinkles".
Hoekom dit werk vir die les:
Geen gemors: Die meeste van die mengwerk gebeur binne-in die plastieksak.
On the spot: Geen yskas of oond nodig nie.
Die Les-konneksie: Terwyl hulle die beskuitjies fyn druk, kan jy verduidelik dat Paulus ook "stukkend" en "fyn gedruk" gevoel het in die tronk, maar toe hy Jesus se liefde (die kondensmelk) bygesit het, het sy lewe weer iets nuuts en moois geword wat ander mense gelukkig maak!
Wenk: Hou 'n pakkie "wet wipes" byderhand vir die laaste rol-stap, maar deur die sak-metode te gebruik, bly die tafel en die meeste vingers silwerskoon!

Die Goue Mates:

- Hoeveelheid: 15 ml (presies 1 gelyke eetlepel) kondensmelk.
- Beskuitjies: 4 tot 5 Mariebeskuitjies (fyn gedruk).

LES #15



WEES DANKBAAR



KOLOSSENSE

ALLES IS NUUT IN JESUS

Paulus skryf 'n brief aan sy vriende in die **stad Kolosse**. Hy is nog steeds in die tronk (net soos toe hy vir die Filippense geskryf het!), maar hy kan nie ophou om vir God dankie te sê nie. Paulus vertel vir die mense dat Jesus soos die **"gom"** van die wêreld is want Hy hou alles bymekaar!
Paulus leer ons dat wanneer ons Jesus ken, ons hart soos 'n beker is wat oorloop van dankbaarheid. Hy sê ons moet "gewortel" wees in Jesus, soos 'n boom wat diep in goeie grond groei, sodat ons altyd sterk en dankbaar kan bly.

In sy brief leer hy ons hoe om dankbaar te wees en bly!

Fokus op Jesus:

Onthou dat Jesus alles gemaak het en dat Hy die heel belangrikste is.

Trek "nuwe klere" aan:

Paulus sê ons moet lelike dinge soos kla en skinder uittrek, en nuwe klere aantrek: deernis, vriendelikheid, nederigheid en... dankbaarheid!

Laat die Vrede wen:


Laat die vrede van Jesus in jou hart die "skeidsregter" wees. As jy dankbaar is, het slegte gedagtes nie plek nie.

Paulus sê: **"Wat julle ook al sê of doen, doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom."**

IN MY BOKS

Soms voel dit asof ons net wil kla oor die dinge wat ons nie het nie – dalk voel dit vir jou of jy so min het om voor dankbaar te wees omdat jy nie so slim is of so ryk is soos ander nie, maar Paulus leer ons dat dankbaarheid nie gaan oor wat ons het nie, maar oor Wie ons ken. As Jesus in jou hart woon, het jy elke dag 'n rede om "Dankie!" te sê.

DIE LES: Dankbaarheid is 'n keuse! Jy kan kies om te kyk na wat kortkom, óf jy kan kies om dankie te sê vir alles wat God klaar vir jou gegee het.



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



Hoekom is dit belangrik om dankie te sê?

Want dit verander ons hart van "hartseer/kwaad" na "bly."

Moet ons net dankie sê vir groot dinge?

Nee, Paulus sê ons moet vir alles dankie sê – selfs vir 'n lekker appel, 'n drukkie van mamma, of die son wat skyn.

Wat gebeur as ons vergeet om dankbaar te wees?

Ons word "suur" en moeg. Dankbaarheid is soos sonskyn vir jou siel!

Wat kan ons doen om vir God te wys dat ons dankbaar is?

Bevestiging!

"Liewe Jesus, dankie dat U alles so mooi gemaak het. Dankie dat U die belangrikste Persoon in my lewe is. Help my om vandag my 'nuwe klere' van vriendelikheid en dankbaarheid aan te trek. Laat my hart oorloop van dankie-sê vir alles wat U vir my doen. Amen."

EK HET `N DANKBARE HART!

VYANDE VAN DANKBAARHEID?

1) **Afleiding:** "ek kan nie raaksien wat ek reeds het nie"

2) **Ontevredenheid:** "ek is ontevrede met dit wat ek wel het"

3) **Entitlement:** "ek verdien wat ek het! OF selfs ek verdien beter."

4) **Vergelyking:** "ek wens ek het eerder beter gehad."

Dankbaarheid bring jou nader aan Jesus!!!

ONTHOU VERS

KOLOSSENSE 3:17

"EN WAT JULLE OOK AL SÊ OF DOEN, DOEN DIT ALLES IN DIE NAAM VAN DIE HERE JESUS EN DANK GOD!...



BYBEL BYT

Het jy geweet die woord "dank" of "dankbaarheid" word meer as 7 keer in hierdie kort briefie gebruik?
Al was Paulus vasgeketting in 'n donker sel, was sy woorde vol lig omdat hy geweet het Jesus is by hom.

My Dankbaarheidslys

Lees die opdrag in elke blokkie, en teken of skryf dan jou gunsteling dinge!

Iemand vir wie ek lief is



Iets wat my laat lag



'n Plek waar ek veilig voel



Iets waarop ek trots is



Iets moois wat ek gesien het



Toe iemand gaaf met my was



'n Lekker herinnering



Iets wat my rustig laat voel



Iets wat ek graag doen





moreleta
kerk